SASRI Februarie 2023

MPUMALANGA VOORLIGTING NUUSBRIEF

**Komatipoort**
MARIUS ADENDORFF
Komatipoort Meule, Squamans Plaas,
+27 (0)83 655 5011
marius.adendorff@sugar.org.za




**Malelane**
JAN ERASMUS
MCGA Gebou, Mhlati Plaas
+27 (0)66 114 0656
jan.erasmus@sugar.org.za




**P&D**
KARLIEN TRÜMPELMANN
Laeveld LPD&VCC Kantoor, Mhlati Plaas
+27 (0)83 335 3846
karlien.trumpelmann@sugar.org.za




# Impak van versuiping op suikerriet

**Versuiping is 'n gerekende stresfaktor in suikerriet. Dit kom voor wanneer grond oormatig nat is en nie meer water kan absorbeer nie. Dit veroorsaak verskeie oorlewings- en aanpassingsmeganismes binne die plant. Sommige variëteite kan die gevolge van versuiping vir ongeveer 'n week verduur, mits dit gevolg word deur goeie dreinering. Langer episodes kan aanleiding gee tot ernstige stres en kan rietopbrengs negatief beïnvloed.**

***Visuele simptome van stres as gevolg van versuiping kan die volgende insluit:***

- Die verswarting en verrotting van die wortelstelsel (as gevolg van 'n suurstof-arm grondomgewing).
- Blaarrol en die vergeling en uitdroging van ouer groen blare, dit kan ook na jonger blare versprei (net soos in droogte kan die onvermoë van die wortels om water op te neem en voedingstowwe te vervoer tot tekorte in die plant lei).
- Lugwortelvorming op die stronk (as gevolg van veranderinge in planthormoonvlakke).

## Rypmaker besluitneming onder versuipingstoestande

- Onder versuipingstoestande, beperk die gebruik van die PurEst®-toepassing om slegs die brix-gradiënte binne die stingels te bepaal. Steil brix-gradiënte, in kombinasie met lang boonste internodes en 8 of meer groen blare is aanduidings van geskiktheid vir rypmaak.
- Onder versuipingstoestande kan die gebruik van die PurEst®-toepassing aanbevelings om op 'n chemiese rypmiddelbehandelingskeuse te besluit, onbetroubaar wees.
- As gevolg van aansienlike verskuiwings in die balans tussen planthormone word die gebruik van hormonale rypmakermiddels soos Ethephon en trinexapac-ethyl (Moddus® of Tripac®) nie aanbeveel in versuipte gewasse nie.
- Om dieselfde rede word die gebruik van kombinasie-behandelings nie aanbeveel in versuipte gewasse nie.
- Dit beperk die chemiese rypmaker keuse tot fluazifop-p-butiel (bv. Fusilade Forte®, Volley® of Orca®) in versuipte gewasse wat aan die vereiste visuele voorkomskriteria voldoen.

As daar 'n goeie kans is dat die oesdatum vertraag sal moet word, moet bespuiting ook vertraag word en die toestand van die gewas moet kort voor die nuwe spuitdatum heroorweeg word. Dit sal die geskiktheid vir rypmaak bepaal.



Copyright subsists in this work. No part of this work may be reproduced in any form or by any means without the publisher's written permission. Whilst every effort has been made to ensure that the information published in this work is accurate, SASRI takes no responsibility for any loss or damage suffered by any person as a result of the reliance upon the information contained herein. The use of proprietary names in this publication should not be considered as an endorsement for their use.